Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE KANTOOR VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER OP VRYDAG, 25 JANUARIE 2019 OM 14:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P Solomons
Rdl O M Stemele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:
Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Wnd Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr A M Zaayman
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. SAKE VIR BESPREKING

3.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2017/2018 FINANSIëLE JAAR (7/1/1/1)

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Ouditeur-Generaal die Ouditverslag uitgereik het op 24 Januarie 2019. Soos voorheen aan die Raad gerapporteer, beskou die Ouditeur-Generaal die laat indiening van die finansiële state as 'n "material non-compliance" met die gevolg dat die Munisipaliteit nie 'n skoon oudit verkry het nie.

Die konsep jaarverslag is aan die Ouditeur-Generaal voorsien en word die wysigings soos deur lg. voorgestel met die lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee behandel.

Die konsep jaarverslag kan met die insette ontvang vanaf die Kantoor van die Ouditeur-Generaal nou aan die Raad op 31 Januarie 2019 voorgelê word.

Besluit/...

3.1/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2017/2018 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;

(b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
(i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
(ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
(iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 28 Maart 2019 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
(iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(c) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
- die eksterne finansiële ouditkomitee;
- twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;

(d) Dat lede van die wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 28 Maart 2019 by te woon;

(e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 28 Maart 2019.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER